higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 2

11 Maart 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 A
1.3 D
1.4 B
1.5 C

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 L
2.2 G
2.3 E
2.4 F
2.5 K
2.6 A
2.7 C
2.8 J
2.9 B
2.10 D

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Raming ('framing')
3.2 Lensopening
3.3 Voorraadfotografie
3.4 Rou beeldformaat
3.5 Beligting

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 4.1.1 'n Digitale skuiflens is 'n nagebootsde skuiflens✓ wat die sentrale posisie van 'n beeld in die kamera vergroot.✓

4.1.2 Stillewefotografie vertoon lewelose voorwerpe,✓ sterk komposisie en kreatiewe beligting om 'n bepaalde stemming te illustreer.✓

4.1.3 Ontwerpopdrag is 'n geskrewe beskrywing van wat 'n nuwe projek of produk moet doen,✓ wat nodig is om dit te produseer, hoe lank dit sal neem om te produseer.✓

4.1.4 LAG (leesalleengeheue) is 'n tipe nievluggeheue wat in rekenaars en ander elektroniese toestelle gebruik word.✓ Data wat op LAG gestoor word bly selfs al word die rekenaar afgeskakel.✓

(4 × 2) (8)

4.2
- Gebruik die korrekte styl
- Gebruik verskillende groottes
- Moenie alles in bokas skryf nie
- Gebruik kleur
- Gebruik negatiewe ruimte (Enige 3 × 1) (3)

4.3 4.3.1 Bauhaus✓
- Dit beklemtoon tipografie as kommunikasieinstrument met die klem op duidelikheid en leesbaarheid.✓
- Dit het met tipografie geëksperimenteer met die doel om dit as beeld te gebruik en om dit nie net horisontaal aan te bied nie.
- Die kern van kuns en ontwerp was die konsep (idee), nie die uitgevoering (die manier waarop die idee uitgevoer is) nie. Die twee moet nie geskei word nie.
- Die kombinasie van die tipe en fotografie ('typfoto') het ontwikkel in die plakkaat wat ons vandag ken.

4.3.2 Kunsaktivisme✓
- Aktiviste het geglo dat kuns die gemeenskap dien deur morele en etiese gedrag aan te moedig.✓
- Hulle het gefokus op die blootlegging van maatskaplike probleme of die ontwikkeling van kulturele trots.
- Skilders het subjekte gebruik wat hul gemeenskappe diep geraak het.
- Fotograwe het foto-dokumentêre gebruik om te ontbloot wat in hul gemeenskappe plaasgevind het.

OPMERKING: EEN punt vir die beweging
EEN punt vir die eienskappe

(2 × 2) (4)

[15]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Kenaf-/Sisal- en/hempplante of goiing✓
- Dit kan in sakke geweef word om swaar, harde vrugte of massas voedsel soos graan, suiker, meel en sout te vervoer.✓

5.1.2 Erdeware/pottebakkery✓
- Pottebakkery word in die huis gebruik om vloeistof soos olies, heuning en jogurt te stoor✓

5.1.3 Metale✓
- Metale word gebruik om voedsel te blik.✓
- Met die byvoeging van 'n aanknip- of plastiekdeksel om dit te seël, kan dit gebruik word om vloeistof en droë produkte soos koeldrank en kitskoffie te stoor.
- In groter (200 liter) kleinhandelhouers kan dit gebruik word om verf, olies en sappe te vervoer.

5.1.4 Glas✓
- Glas word gebruik om voedsel te stoor.✓
- Met die byvoeging van 'n plastiek- of metaaldeksel of kurk om dit te seël, kan dit vloeistofprodukte soos koeldrank, alkohol, spiritus, konfyte, geblikte voedsel of olie stoor.

5.1.5 Plastiek✓
- Ons kry 'n groot verskeidenheid plastiekhouers van wisselende sterkte – van buigsaam tot onbuigsaam.✓
- Dit word gebruik om verwerkte voedsel soos koeldrank, souse en botter, asook wegneemvoedsel te stoor.

OPMERKING: EEN punt vir die identifikasie van die verpakkings-materiaal
EEN punt vir die gebruik van die materiaal
(5 × 2) (10)

5.2 5.2.1 Blackletter✓
Die lettertipe lyk soos kalligrafie of antieke letters.✓
Dit kan Gothic of Old English of 'n vroeë, oordrewe, sterk styl of tipe wees.

5.2.2 Serif✓
Hierdie lettertipe het klein stertjies aan die einde van die lettervorms.✓

5.2.3 Ornamenteel✓
Hierdie lettertipe bestaan nie uit gewone letters van die alfabet nie. Dit bestaan eerder uit dekoratiewe ornamente en simbole.✓

5.2.4 Vertoonletters✓
Die letters het 'n dekoratiewe, konstruktiewe styl en word in baie spesifieke en beperkte maniere gebruik.✓

Kopiereg voorbehou

5.2.5 Skrif✓
Hierdie lettertipe lyk soos handskrif.✓

(5 × 2) (10)

5.3 5.3.1 Venster✓
Die venster is (gewoonlik) 'n reghoekige deel van die vertoning op 'n rekenaarskerm wat die inhoud aanbied.✓

5.3.2 Aftuimelkieslys✓
Hierdie kieslys verskyn nie deurgaans op die hoofkieslysbalk nie, maar tuimel af op die skerm om 'n kieslys van opsies vanaf die kieslysbalk te verskaf.✓

5.3.3 Rolknoppie✓
Hierdie knoppie verskyn aan die binnekant van die rolstaaf. Dit kan op, af, links of regs geskuif word om die inhoud van die venster te vertoon.✓

5.3.4 Palet/drywende kieslys✓
Hierdie drywende kieslys bevat die werktuie vir spesifieke sagteware. Dit is 'n opskermvenster wat na enige posisie binne die toepassing of selfs buite die hooftoepassingsvenster gesleep kan word. Drywende vensters is algemeen in grafikatoepassing en stel die gebruiker in staat om die werktuie nader aan die beeld waaraan gewerk word te beweeg.✓-

5.3.5 Toemaak/Uitgangknoppie✓
Wanneer die X geklik word, word die huidige venster vewyder/gesluit.✓

(5 × 2) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 45

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Stap 1: Beskryf
Beskryf die kunswerk. Beantwoord die vraag, 'Wat sien jy?'

- 'n Tier in 'n stad in die nag.✓
- Met 'n paar geboue in die agtergrond en 'n groot maan agter die geboue.
- Die stad kan Londen wees.
- Dit is 'n tier uit die dieretuin.

Stap 2: Identifiseer elemente
(Die elemente hier onder is slegs riglyne vir nasien. Die student moet TWEE elemente identifiseer en verduidelik waar in die plakkaat hy/sy dit sien).

Lyn✓
- Daar is swart strepe op die tier se lyf.✓

Vorm✓
- Die geboue het verskillende vorms soos driehoeke, vierkante en reghoeke.✓
- Die maan is in die vorm van 'n sirkel.
- Die tier se stert vorm ook 'n sirkel.

Kleur
- Die tier is in 'n warm oranje kleur wat teen die blou/pers kleur van die geboue uitstaan.

Tyd en beweging
- Dit is in die nag. Die maan gee 'n aanduiding van die tyd.
- Lig skyn ook uit van die geboue se vensters.

Stap 3: Identifiseer beginsels
(Die beginsels hier onder is slegs riglyne vir nasien. Die student moet TWEE beginsels identifiseer en verduidelik waar in die plakkaat hy/sy dit sien.)

Eenheid en verskeidenheid✓
- Tiere is nagdiere en die stad is ook baie besig/bied vermaak in die nag.✓

Gerigte kragte✓
- Die strepe op die tier dien as gerigte kragte wat die kyker se oog na die fokuspunt lok.✓

Balans
- Simmetriese balans is in die komposisie en gelyke gewigsversprieding van die elemente gebruik.

Stap 4: Reflekteer
- Dit is 'n plakkaat oor die dieretuin in Londen wat in die nag besoek kan word om die nagdiere te sien. Die dier (tier) is die hooffokus op die plakkaat en vir die gebeurtenis.

Die antwoord sal subjektief en in die student se eie woorde wees.

(10)

6.2 Ken TWEE punte toe vir die korrekte uitvoering van die vraag.
Ken EEN punt toe vir die korrekte grootte van die plakkaat.
Ken TWEE punte toe vir kreatiwiteit.
Ken TWEE punte toe vir insluiting van sommige van die volgende in die student se ontwerp:

- Die naam van die gebeurtenis
- Die inligting oor die gebeurtenis: datum, tyd, venue
- Kontakbesonderhede
- Hoe om kaartjies te koop, kaartjieprys
- Webadres
- Naam van die hoofoptrede
- Inligting oor die niewinsgewende organisasie wat die konsert aanbied

Ken EEN punt toe vir leesbaarheid van die inligting op die plakkaat.
Ken TWEE punte toe vir die verduideliking van die kuns- en ontwerpelemente wat die student in die plakkaat gebruik het. (10)

6.3

- Ken TWEE punte toe vir die skep van SES rame.
- Ken TWEE punte toe vir die korrekte implementering van die vraag.
- Ken EEN punt toe vir die korrekte raamgroottes.
- Ken VIER punte toe vir kreatiwiteit en oorspronklikheid van die raamontwerpe.
- Ken EEN punt toe vir gebruik van die Woolworths-logo.
- Ken VYF punte toe vir die verduideliking van die DRIE multimedia-elemente wat in die multimediasnit ingesluit is, en die rede waarom dit gebruik sal word. (15)

[35]

TOTAAL AFDELING C: 35
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou